



Die hemelvaart bepaal ons lewe

Skrif- en Fokusgedeelte: Handeling 1:1-11; Heidelbergse Kategismus Sondag 18

Dink u nog aan die hemel? Die hemel is nie binne die gesigsveld van die mens van ons tyd nie. Alles draai om die dinge van hierdie wêreld.

Dit is een van die grootste gevare wat ook ons as Christengelowiges bedreig: dat ons wêreldgelykvormig sal word, net op die dinge van hierdie wêreld ingestel. Dan verdwyn al die troos en rykdom uit ons lewe.

Die hemel behoort onlosmaaklik deel van ons lewe te wees. Dan leef ons sinvol hier op die aarde. Want Christus, ons ewige Koning en ons enigste Hoëpriester, is in die hemel. Sy hemelvaart is deel van sy verlossingswerk. Veertig dae ná sy opstanding het Hy sy dissipels na die Olyfberg uitgelei en voor hulle oë van die aarde na die hemel opgevaar.

Dit beteken nou nie dat ons hier op aarde sonder Christus is nie. As mens is Hy vir 'n kort tyd nie met ons nie. Na sy Godheid, majesteit, genade en Gees is Hy egter elke oomblik by ons. Sy aanwesigheid op die aarde is net so werklik as sy

aanwesigheid in die hemel. As Hy nie met ons was nie, was hier lankal nie meer 'n kerk op aarde nie. Hy praat met ons deur sy Woord. Sy Gees wat aan ons die wedergeboorte gee, ons vertrous en by ons bly, is in ons harte uitgestort. As Hy nie opgevaar het nie, was die hemel ook vir ons geslote. Dan moes ons sonder God in ons nood en sorg en pyn en verdriet leef.

Nou is Hy egter in die hemel ons Voorspreker. Deur die krag van sy Gees soek ons wat daarbo is, waarvandaan Christus regeer.



Publikasie
Publication



Nr./No.: E08